JONKERSHOEK SRA

# MISDAAD | CRIME BULLETIN

Desember | December 2024

## A. Sekuriteitsaktiwiteite

Gedurende die maand het die JSRA Sekuriteitsbeamptes die volgende suksesse behaal:

‘n Klagte van ‘n vermoedelik gesteelde voertuig is op die Stellenbosch Reaksiegroep gerapporteer. Die voertuig is na bewering op die Helshoogtepad opgemerk, rigting Stellenbosch. Die JSRA Patrollievoertuie en ander Sekuriteitsvennote het aan die SAPD en Wetstoepassing bystand verleen. Die voertuig is afgetrek en SAPD het beheer oor die toneel geneem.

Die Siti Interim SRA Voertuig het bystand gevra m.b.t. ‘n verdagte persoon wat opgemerk is met moontlik gesteelde eiendom. Een JSRA voertuig het bystand verleen en ‘n verdagte met ‘n vermoedelik gesteelde grassnyer is aangekeer. Wetstoepassing het ook bystand verleen. Die verdagte is deur Wetstoepassing na die SAPD geneem, waarna die verdagte gearresteer is vir die besit van vermoedelik gesteelde eiendom.

Die JSRA Beheerkamer het die JSRA voertuie ingelig oor ‘n LPR Alert wat deurgekom het m.b.t. ‘n vermoedelik gesteelde voertuig. Die SAPD is gekontak. Die JSRA Beheerkamer het die voertuig gemonitor terwyl die voertuig gery het. Die voertuig is afgetrek en die verdagte/s en voertuig is aan die SAPD oorhandig.

Daar is ‘n klagte op die Middedorp-groep deurgegee van ‘n huisbraak aangrensend aan die JSRA area. Die JSRA voertuig en Siti Interim SRA voertuig het bystand verleen. Een van die moontlike verdagtes is deur die JSRA voertuig opgemerk en aangekeer. Die verdagte is aan die SAPD oorhandig.
Die volgende dag is nog een van die verdagtes opgemerk en ook aangekeer en oorhandig aan die SAPD.

Die JSRA Beheerkamer het ‘n verdagte in die Koloniesland rivierarea opgemerk. Die JSRA Voertuie is onmiddellik uitgestuur, waarna ‘n verdagte gevind is wat besig was om blomme te steel van een van die aangrensende wonings. Die eienaar van die woning het ‘n saak geopen en die verdagte is aan die SAPD oorhandig.

Die Siti Interim SRA voertuig het ‘n verdagte voertuig en verdagtes opgemerk wat vermoedelik besig was met OTM ‘Scamming’. Die voertuig is deur die Siti Interim SRA voertuig gevolg en bystand is verleen deur die aangrensende JSRA voertuig om die persoon te voet aan te keer. Ongelukkig is die verdagte/s in die voertuig verloor. Die verdagte wat te voet was is gevind en aan die SAPD oorhandig.

| **Desember 2024** | |
|---|---|
| **Totaal** | **Klagtes** |
| ±250 | Verdagte persone (insluitend swerwers, bedelaars, smouse, ens.) |
| ±13 | Verdagte voertuie |
| ±92 | Oop hekke / motorhuisdeure / veiligheidshekke / huisdeure |
| ±67 | Verdagte aktiwiteite (blaf van honde, alarms, ens.) |
| ±292 | Klagtes in totaal waaraan aandag gegee is. |
| Ander: Verlore/gevonde goedere, verlore honde, oop voertuie, sleutels in voertuie toegesluit, waterlekke, straatligte buite werking, mediese gevalle, brand, motorongelukke, huisbraak, diefstal gewoon, diefstal uit motor, verkeersoortredings, drink in die publiek, rusverstoring, ens. | |

## B. Misdaadverslag

**Kontakmisdaad:**

| | |
|---|---|
| Moord / Poging tot Moord | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Huisroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Besigheidsroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Gewapende Roof met 'n vuurwapen | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Gewapende Roof met 'n ander wapen as 'n vuurwapen | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Roof Gewoon | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Verkragting/Seksuele Aanranding | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Openbare onsedelikheid | Geen voorval is aangemeld nie. |

**Eiendomsverwante misdaad:**

| | |
|---|---|
| Huisbraak | Daar is twee huisbraak-sake onder die JSRA se aandag gebring. Beide die sake was in die JSRA nuwe uitbreiding (Die Laan Area).<br>Een van die huisbrake het gedurende 'n Woensdagnag plaasgevind by 'n woonstel kompleks. Diefwering en 'n venster van die woning is oop forseer. Items is geneem. Verdagte/s onbekend.<br>Die ander voorval het vermoedelik gedurende 'n Vrydagnag/Saterdagoggend plaasgevind. 'n Klein venstertjie van die woning is oopgemaak, waardeur vermoedelik toegang verkry is. Items is geneem. Verdagte/s onbekend. |
| Diefstal van Motorvoertuig / Motorfiets | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Diefstal uit / vanaf 'n voertuig | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Diefstal Gewoon | Daar is twee diefstal gewoon-sake onder die JSRA se aandag gebring.<br>Een van die voorvalle het 'n Sondag laatmiddag plaasgevind. Die JSRA Beheerkamer het 'n verdagte in die Koloniesland rivierarea opgemerk. Die JSRA Voertuie is onmiddellik uitgestuur, waarna 'n verdagte gevind is wat besig was om blomme te steel by een van die aangrensende wonings. Die SAPD is gekontak. Die eienaar van die woning het 'n saak van diefstal gewoon geopen. Die verdagte is aan die SAPD oorhandig.<br>Die ander voorval was in die omgewing van die nuwe JSRA uitbreiding (Die Laan area). Die klaer in die saak het 'n paar geldnote in verskeie koeverte geplaas. Later het die klaer opgemerk dat die geld uit die koeverte verwyder is en het sy verder ook 'n ring uit haar kamer vermis. Verdagte/s onbekend. |

Die volgende sake is ook onder die aandag van die JSRA gebring.
Twee sake van aanranding gewoon.
Een saak van bestuur onder die invloed van drank.
'n Opsetlike saakbeskadiging en misdryf in verband met orde en vrede wat gepaard gaan met een van die aanranding-sake.
Een saak in verband met dieremishandeling.
Een saak van crimen injuria wat verbind word met nog 'n klagte van orde en vrede.

## C. Misdaad aangrensend aan die JSRA (nie JSRA-area nie)

Wees asseblief op jou hoede as jy die volgende omgewings besoek.

| | |
|---|---|
| Winkelsentrum in omgewing aangrensend aan die JSRA | Twee voorvalle van OTM 'scamming' is onder die JSRA se aandag gebring. |
| Botmaskop/African Valley | Geen voorval is onder ons aandag gebring nie. |
| Helshoogtepad | 'n Saak van diefstal gewoon is onder die JSRA se aandag gebring in die omgewing van die munisipale depot. |
| Koloniesland rivierarea/Bergpad agter Coetzenburg / Coetzenburg Stadion / Suidwal- / Noordwal-Wes-omgewing | Verskeie sake is onder die JSRA se aandag gebring, onder andere:<br>Diefstal uit/vanaf voertuie;<br>Diefstal van voertuie;<br>Diefstal gewoon;<br>Roof gewoon;<br>Aanranding gewoon;<br>Bedrog;<br>Indien enige verdagte aktiwiteite / persone / voertuie opgemerk word, skakel asb. onmiddellik die JSRA Beheerkamer. |
| Jan Maraispark-omgewing | Geen voorval is onder ons aandag gebring nie. |

Wees asseblief bedag as jy hierdie omgewings besoek en MOENIE ALLEEN OF IN KLEIN GROEPIES gaan stap / draf / fietsry nie, maar gaan verkieslik in groot groepe. Wees ook bedag by alle OTM's wanneer jy geld trek.

## D. Spesiale versoek en wenke

Inwoners word weereens versoek om asseblief alle sake by die SAPD aan te meld.

Die JSRA het Sekuriteits- en Sosiale WhatsApp/Telegram-groepe vir die JSRA area. Indien jy nog nie by een van die groepe ingeskakel het nie, registreer asb. by die volgende skakel:
**https://forms.gle/MPH3iba2qbxnTabD6**

**Algemene veiligheidswenke:**

- Kontak die JSRA Beheerkamer onmiddellik as jy enige verdagte aktiwiteite / persone / voertuie opmerk. Maak asb. seker dat jy die regte nommer van die Jonkershoek SRA Beheerkamer het:
  **JSRA BEHEERKAMER - 062 027 1601**
- Aktiveer jou alarm as jy jou woning verlaat en as jy gaan slaap. Wanneer jou alarm afgaan, moet asb. nie self ondersoek instel nie. Kontak die beheerkamer of jou privaat sekuriteitsmaatskappy vir bystand en om ondersoek in te stel.

**Vriendelike groete**
**JSRA Bestuur**

## A. Security Activities

During the month the Security Officials achieved the following successes:

A complaint of a possible stolen vehicle was received on the Stellenbosch Reaction Group. The vehicle was observed on the Helshoogte Road, direction Stellenbosch. The JSRA patrol vehicles and other security partners rendered support to the SAPS and Law Enforcement. The vehicle was stopped and the SAPS took over control of the scene.

The Siti Interim SRA Vehicle requested support with regard to a suspect person with possible stolen property. One JSRA vehicle rendered support and a suspect with a possible stolen lawn-mower was arrested. Law Enforcement also rendered support. Law Enforcement took the suspect to the SAPS. The suspect was arrested by SAPS for possession of possible stolen property.

The JSRA Control Room informed the JSRA vehicles of a LPR Alert that came through concerning a possible stolen vehicle. The SAPS was informed. The JSRA Control Room monitored the vehicle on the cameras and inform the JSRA vehicles of its movement. The suspected stolen vehicle was stopped and the suspect/s and vehicle were handed over to the SAPS.

A complaint was received on the WhatsApp group of the CBD, concerning a house-breaking at a location bordering the JSRA area. The JSRA vehicle and the Siti Interim SRA vehicle rendered support. One of the possible suspects was observed by the JSRA vehicle and was arrested. The suspect was handed over to the SAPS.
The next day one of the other suspects was observed and arrested and also handed over to the SAPS.

The JSRA Control Room became aware of a suspect in the Koloniesland River area. The JSRA vehicles were immediately send out to the complaint. They found a suspect who was busy stealing flowers from one of the neighbouring houses. The owner of the property opened a case and the suspect was handed over to the SAPS.

The Siti Interim SRA vehicle observed a suspect vehicle and suspects who were possibly involved with ATM Scamming. The vehicle was followed by the Siti Interim SRA Vehicle and support was rendered by the neighbouring JSRA vehicle who found the suspects on foot. Unfortunately the suspects in the vehicle could not be traced. The suspect on foot was handed over to the SAPS.

| **December 2024** | |
|---|---|
| **Total** | **Complaints** |
| ±250 | Suspect persons (including wanderers, beggars, hawkers, etc.) |
| ±13 | Suspect vehicles |
| ±92 | Open gates / garage doors / security gates / house doors |
| ±67 | Suspicious activities (barking dogs, alarms, etc.) |
| ±292 | Complaints in total to which attention was given. |
| Other: Lost/found goods, lost dogs, open vehicles, keys locked in vehicles, water leaks, street lights out of order, medical cases, fire, car accidents, house-breakings, common theft, theft from a car, traffic offences, alcohol abuse in public, disorder, etc. | |

## B. Crime report

**Contact crime:**

| | |
|---|---|
| Murder / Attempted murder | No incident reported. |
| House robbery | No incident reported. |
| Business robbery | No incident reported. |
| Armed robbery with a firearm | No incident reported. |
| Armed robbery with a weapon other than a firearm | No incident reported. |
| Common robbery | No incident reported. |
| Rape / sexual assault | No incident reported. |
| Public indecency | No incident reported. |

**Property related crime:**

| | |
|---|---|
| House-breaking | Two incidents of house-breaking were brought to the attention of the JSRA. Both these incidents occurred in the JSRA new extension (The Avenues area).<br>One of the incidents occurred on a Wednesday night at a complex. Burglar bars and a window of the house were forced open. Items were taken. Suspect/s unknown.<br>The other incident probably occurred on a Friday night/Saturday morning. A small window of the property was probably opened to gain entry to the house. Items were taken. Suspect/s unknown. |
| Theft of motor vehicle / motor cycle | No incident reported. |
| Theft from / out of a vehicle | No incident reported. |
| Theft general | Two incidents were brought to the attention of the JSRA.<br>One of the incidents occurred on a Sunday late afternoon. The JSRA control room observed a suspect in the Koloniesland River area. The JSRA vehicles were immediately send out to the complaint. A suspect was found who was busy stealing flowers from a neighbouring house. The SAPS was contacted. The owner of the house opened a case of theft general and the suspect was handed over to the SAPS.<br>The other incident occurred in the new JSRA extension (The Avenues area). The complainant placed a few bank notes in different envelopes. Later the complainant observed that the notes were removed from the envelopes. She also realised that a ring vanished from her room. Suspect/s unknown. |

The following incidents were also brought to the attention of the JSRA.

Two cases of common assault.
One incident of driving under the influence of alcohol.
Malicious damage to property and Offences in Connection with Order and Peace linked to one of the assault cases.
One Offences Against Plants; Animals; The Environment and Incorporeal Objects.
A case of crimen injuria which is linked to a complaint of Offences in Connection with Order and Peace.

## C. Crime in areas adjacent to the JSRA (not JSRA area)

Please be on the alert when you visit the following areas.

| | |
|---|---|
| Shopping centre bordering the JSRA | Two incidents of ATM scamming were brought to the attention of the JSRA. |
| Botmaskop/African Valley | No incident reported. |
| Helshoogte Road | A case of theft general in the area of the municipal depot was brought to our attention. |
| Koloniesland River Area/'Bergpad' behind Coetzenburg / Coetzenburg Stadium / Suidwal- / Noordwal-Wes area | Several cases were brought to the attention of the JSRA, among others:<br>Theft from/out of vehicles;<br>Theft of vehicles;<br>Theft general;<br>Common robbery;<br>Common assault;<br>Fraud;<br>If any suspect activities / persons / vehicles are observed, please contact the JSRA Control room without delay. |
| Jan Marais Park area | No incident reported. |

Please be on the alert when you visit these areas and NEVER GO ON YOUR OWN OF IN SMALL GROUPS when you hike / jog / cycle. You should preferably go in large groups. Please also be on the alert at all ATMs when you withdraw money.

## D. Special request and hints

Residents are again requested to report all cases to the SAPS.


The JSRA has Security and Social WhatsApp/Telegram groups for the JSRA area. If you have not yet joined one of these groups, you are welcome to register at the following link:
**https://forms.gle/MPH3iba2qbxnTabD6**


**General security hints:**

- Contact the JSRA Control room immediately when you observe any suspicious activities / persons / vehicles. Please make sure that you have the correct number of the JSRA Control room:
  **JSRA CONTROL ROOM - 062 027 1601**
- Activate your alarm when you leave your home or go to bed. When your alarm goes off, please do not investigate on your own. Rather contact the Control room or your private security company for support and to investigate the situation.

**Best regards**
**JSRA Management**

## JSRA - Misdaadgrafieke/ Crime Charts




# MISDAAD | CRIME BULLETIN

**Desember | December 2024**

JONKERSHOEK SRA




Neem asb. kennis dat dit nie amptelike SAPD statistiek is nie, maar statistiek wat deur die JSRA bygehou word. (pogings ingesluit)
Please note that this is not official SAPS stats, but stats that have been compiled by the JSRA (including attempts).